Vriend

Les 1:
Wat is 'n vriend?

Kerngedagte: Om uit te vind wat beteken dit om 'n goeie vreind te wees (karaktereienskappe van 'n goeie vriend)

Kernteks: Spreuke 18:24

Inleiding:

Speel die volgende speletjie: Kies twee seuns en twee meisies wat sê hul is goeie vriende en ken mekaar goed.

Maak twee stelle kaartjies van elk van die volgende vrae se antwoorde (lekker groot):

Watter tandepasta gebruik jy? (Aquafresh; Colgate; Metadent P)

Wat is jou gunteling kos? (Pizza ;Hamburgers; Braaivleis)

Watter sport sal jy kyk? (Sokker ; Rugby; Atletiek)

Watter vak hou jy die meeste van? (Wiskunde; Afrikaans ;Natuur Wetenskap)

Watter kleur hou jy die meeste van? (Blou; Groen; Geel)

Watter sjokolade hou jy die meeste van? (Bar One;TV Bar; Top deck)

Bv vra: Wat is Jan se gunsteling chocolate. Beide seuns moet die antwoord kies en gelyk vir die gehoor wys. Kyk watter span kan die meeste regraai van hulle maat. Daardie span wen en hul ken hul vriend die beste!!!

Bybelverhaal:

Vertel informeel die verhaal van Dawid en Jonatan: 1 Sam 18:1-5; 1 Sam 20

Storie: Die kwaai waterskilpadjie

(Uit:STEPS Karakterboureeks www.auroraproduction.com)

Lisa lê op haar bed en snik. "Moenie my pla nie!" skree sy toe iemand aan haar deur klop. "Wil jy nie saam met my gaan vis vang nie?" vra haar pa.

Lisa spring vinnig op en vee haar trane met haar hand af. "Ek wil! Wag vir my!"

Later, toe hulle op die rivierwal sit en wag vir die vis om te byt, vra haar pa: "Is daar iets wat jou pla my liefie?"

"O Pappa", sê Lisa, "niemand wil meer my maatjie wees nie."

"Weet jy miskien hoekom dit so is?" Vra haar pa.

"Nee!" sê Lisa. "Hulle is almal so lelik met my!'

"Almal?" Haar pa se wenkbroue lig.

"Ja almal!" sê Lisa. "Ek...ooo! Gaan weg! Gaan weg"

"Wat is dit?" haar pa los alles en kom kyk wat aan die gang is. 'n Meter of so van haar af sit 'n waterskilpad. Hy kyk kwaai na haar en hap in haar rigting.

"Nie 'n baie vriendelike kêrel nie, né?" lag haar pa. "Los hom maar uit, Lisa, dan sal hy jou nie seermaak nie."

Lisa gril. "Ek hou nie van kwaai waterskilpaaie nie. Kom ons gaan sit op 'n ander plek. Die vis byt in elk geval nie hier nie."

"Lisa", sê haar pa toe hulle op 'n nuwe plek sit, "kan dit wees dat almal jou vermy omdat jy soos die kwaai waterskilpad is: hap na almal wat naby jou kom?"

"Maar pappa," begin Lisa, "ek..."

"Wag laat ek klaar praat," val haar pa haar in die rede. "Toe daardie waterskilpad na jou gehap het, wat het ons gedoen?"

"Ons het gemaak dat ons wegkom," antwoord Lisa.

"Miskien is dit wat jou maats ook doen: Padgee en jou uitlos," antwoord haar pa.

"Die Bybel sê dat, om 'n vriend te hê, moet 'n mens eers self 'n vriend wees."

Die volgende dag toe Lisa van die skool af kom, is sy baie vrolik. "Jy was reg, Pappa" sê sy, "Toe ek ophou om kwaai met mense te wees, het hulle opgehou om my te vermy!"

Groepaktiwiteit:

Dawid en Jonatan was baie goeie vriende. Dit is vir God belangrik dat ons 'n goeie vriend sal wees en dat ons die regte besluit sal maak oor wie ons vriende moet wees.
Gesels bietjie oor vriendskap en wat dit is. Maak 'n groot A3 met volgende eienskappe op gelys:

Sterk Christen	Gaaf	Baie slim	Baie gewild	Snaaks	Hou geheime
Lekker huis	Atleties	Regte klere	Baie talente	Eerlik	Betroubaar
Vriendelik	Baie geld	Luister goed	Mooi voorkoms	Vrygewig	Gesels lekker

Verduidelik al die begrippe.
Vir aktiwiteit: Kinders skryf neer op werkvel: 5 eienskappe wat hy/sy in vriend wil hê, 5 eienskappe wat hy graag wil wees as vriend uit bogenoemde lys

LEER VERSIE:

Spreuke 18:24
Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.

AKTIWITEITE:

1. Vriendskapsbandjie: Maak een vir jouself en een vir 'n vriend van krale en 'beading' rekkie of 'beading' toutjie, of vat drie toutjies en maak 'n knopie aan die onderpunt met al drie toutjies. Begin hulle dan in mekaar vleg. En eindig weer met knopie met al drie toue, bind die twee punte dan saam om 'n armband te vorm.
Simbool is God, jy en vriend.

2. Vriendskap blommetuin:
Maak 'n Bybelboekmerkie vir elke kind met vyf blomme op wat uit die gras groei. Skryf die kernvers op die boekmerkie. Die kind kan dan vyf goeie einskappe wat hulle as 'n goeie vriend kan gee in die blomme neerskryf. Hulle moet dit baie eerlik doen. As daar meer is wat hulle wil skryf kan hulle dit agter op verder skryf.

ONS GEESTELIKE

TEKEN

HULPMIDDELS: 'n Stop teken

LES: Kyk na die woord stop letter vir letter: Dit som die sentrale boodskap van die Bybel op!

S = lyk soos 'n slang, herinner ons aan die duiwel wat as 'n slang vir Adam en Eva mislei het om sonde te doen en ongehoorsaam te wees aan God. Sonde begin met 'n S.

T = lyk soos 'n kruis waaraan Jesus gehang het en gesterf het om vir ons sondes te betaal.

O = herinner ons aan die oop graf, Jesus het opgestaan! Die deur van die hemel is oop aan alle gelowiges.

P = praat oor God. Ons as gelowiges moet met ander oor God praat en hulle van Jesus vertel.

Onthou nou, as jy 'n stopteken sien, moet jy onthou van Jesus wat aan die kruis gesterf het vir jou sonde en dat jy dit nou vir almal moet vertel!

Stoptekens word geplaas waar jy moet kies of jy links of regs wil gaan en jy moet ook daar op die uitkyk wees vir ander mense. Net so, word die geestelike stopteken geplaas waar jy moet kies of jy die breê of die nou pad gaan loop. Die breë pad lei na verwoesting, die nou pad na die lewe (Matt 7:13-14).

Partykeer is ons lewens so besig dat ons vergeet om stil te raak, om te dink oor Jesus se waarhede in die Bybel en om vir ander van hom te vertel - hoe sondaars verlossing kan kry deur in Jesus te glo!